

HOE VERWERK ONS LYDING ?

GOD SE ALMAG IS BO ONS VERSTAND

Hy het iets uit niks geskep

- Hy het eenvoudig 'n bevel gegee Genesis 1:3
- Met Sy woorde het Hy lewe geskep bv. Johannes 11:43

Tog leef ons in 'n skrikwekkende wêreld

- Ons kan nie help om onself af te vra: Is God nog in beheer van hierdie wêreld?

WAT SÊ DIE BYBEL?

'n Onomwonde 'Ja!'

- God se planne kom altyd tot stand Jesaja 14:24,27
- God doen net wat Hy wil Psalm 115:3
- Wat Hy besluit het sal gebeur Jesaja 46:10

HET GOD BEHEER OOR DIE NATUUR?

- Die plaë op die Egiptenare (nie Israeliete nie) Eksodus 7-11
 - Water word bloed
 - Paddas oorstrom die land
 - Insekte verpes alles (muggies, steekvlieë, sprinkane)
 - 'n Pes onder die vee
 - Mense en diere word oorval met swere
 - Hael vernietig die oes en vee
 - Totale duisternis verswelg die land
 - Al die eersteling sterf
- Die Rooi See droog op Eksodus 14:21
- Die son beweeg 10 grade terug 2 Konings 20:11
- God stuur droogte en reën 1 Konings 17:1 en 18:1
- Jesus maak die storm stil Lukas 8:24
- 'n Aardbewing breek die kettings los Handeling 16:26

HET GOD BEHEER OOR DIE NASIES?

- Hy verlos Israel as nasie uit Egipte Eksodus 3:8
- God lê hulle presies 70 jaar se ballingskap op Jeremia 29:10
- Talle profesieë oor nasies is vervul bv. Jesaja 13:20

LW: As slegs een van die meer as 3000 profesieë onvervuld was, kon ons God se Woord ernstig in twyfel trek

HET GOD BEHEER OOR DIE ONGELOWIGES?

- Bileam het Israel teen sy sin geseën Numerí 23:7-8
- Nebukadnesar was vir 7 jaar kranksinnig Daniël 4:33-34
- Kores spoor die Jode aan om na Jerusalem terug te keer 2 Kronieke 36:22-23
- Herodes, Pilatus & Kie doen presies wat God beplan het Handeling 4:27-28

HET GOD BEHEER OOR ALLEDAAGSE GEBEURE?

- Jerigo sou met lewensverlies herbou word vgl. Josua 6:26 met 1 Konings 16:34
- Die honde het Agab se bloed opgelek soos voorspel 1 Konings 21:19 en 22:38
- 'n Beleëring is opgehef en 'n adjutant sterf vgl. 2 Konings 7:1-2 met 7:16-17

- Paulus moes in Rome getuig Handeling 23:11
 - Hy is gered en gearresteer deur die Romeine Handeling 21:33
 - Paulus se nefie het sy moord voorkom Handeling 23:12-22
 - Hy kon vrygestel gewees het as hy nie gedwing is om homself op die keiser te beroep nie Handeling 25:11 en 26:32
 - Sy lewe is in die storm en skipbreuk gespaar Handeling 27:24
- Jesus het meer as 300 profesieë vervul
 - 'n Paar voorbeelde:
 - Hy is verkoop vir 30 stukke silwer Sagaria 11:12-13
 - Sy hande en voete is deurboor Psalm 22:17 (OV)
 - Hy is asyn gegee om te drink Psalm 69:22
 - Hulle het looitjies getrek vir Sy mantel Psalm 22:19
 - Geen been in Sy liggaam is gebreek nie Psalm 34:21 (OV)

L.W.: As slegs een van die 300 profesieë tov die Messias onvervuld gebly het, kan ons God se Woord ernstig bevraagteken

HET GOD BEHEER OOR DIE SATAN?

- God het die satan se aanvalle beperk Job 1:12 Job 2:6
- Jesus het alle duiwels oorwin Markus 1:34

IS GOD AANSPREEKLIK VIR LYDING?

- God beheer die natuurlike wêreld deur middel van fisiese wette
 - Bv. die son, maan en sterre Jeremia 31:35
 - God stel Sy wette baie selde tersyde
- God beheer ook die geestelike wêreld deur middel van morele wette
 - Seëning volg op gehoorsaamheid Deuteronomium 28:1-14
 - Straf volg op ongehoorsaamheid Deuteronomium 28:15-68
- God stel ook nie Sy morele wette tersyde nie
 - Hy laat ons die natuurlike gevolge van ons sondes dra Galasiërs 6:7
- Baie lyding is die gevolg van ons eie dwaasheid Spreuke 19:3
 - Om God te blameer is dieselfde as om 'n regter te blameer wanneer hy 'n misdadiger vonnis

MAAR: Nie alle lyding is die gevolg van ons eie toedoen nie

WAAROM LY ONSKULDIGES?

- Onskuldige mense het nog altyd gely agv die sondes van ander (dikwels die volksleiers)
 - Die ouers in Egipte Eksodus 12:29-30
 - 'n Epidemie onder die volk 2 Samuel 24:15-17
- Is dit regverdig?
 - Nie vanuit ons perspektief nie! bv Job 24:1-12
 - Maar is ons perspektief korrek? bv Handeling 7:6-7
 - Wie bepaal wat reg of verkeerd is?

DAAR IS BAIE DINGE WAT ONS NIE KAN VERSTAAN NIE

- Moses doen wonderwerke maar sy spraakgebrek word nie genees nie Eksodus 4:14-17
- 'n Goddelose koning (Manasse) regeer vir 55 jaar (2 Konings 21:1-2) maar Ussa sterf omdat hy aan die Ark raak 2 Samuel 6:7
- Jakobus verloor sy lewe maar Petrus word vrygelaat, alhoewel dieselfde mense vir hulle gebid het Handeling 12:5
- Ons lees van dinge wat deur geloof vermag is (Hebreërs 11:4-35) maar ook van dinge wat nie ontvang is nie Hebreërs 11:35-39

Dr Arnold Mol

- Job het ook nie verstaan waarom sommige mense floreer en ander swaarkry nie Job 21:22-26

DIE DISSIPELS HET OOK NIE VERSTAAN, WAAR WAS GOD

- toe Jesus reg en geregtigheid ontken is, en totaal verneder is?
- toe die Seun van God 39 houe gekry het, en die vel van Sy rug afgestroop is?
- toe hulle die hande en die voete van die Heiland met wrede spykers deurboor het?
- toe Sy Seun in doodsangs uitgeroep het, "My God, my God, waarom het U my verlaat?"
 - Tog, wat vir die dissipels die grootste tragedie van alle tye was, het die grootste oorwinning van alle tye geword 1 Korintiërs 15:54-55

WAT IS ONS REAKSIE HIEROP?

- Wanneer ons nie verstaan nie, kan ons een van vier dinge doen:
 1. Ons kan 'n wrok koester teenoor die Here bv. Job 19:6
 - Dan maak ons staat op ons eie oordeel tov reg en verkeerd bv. Genesis 3:5 (OV)
 - Dan vervang die mens vir God en alles word relatief
 - Dit lei uiteindelik tot verwerping van God
 2. Ons kan God se liefde vir ons in twyfel trek bv. Psalm 22:2-3
 - Dan beskou ons God as 'n "Vader Krismis" vgl. Job 2:10
 - Dit lei uiteindelik tot verbittering
 3. Ons kan dit fatalisties aanvaar bv. Genesis 43:14
 - "Dit moes seker maar so wees"
 - Dit lei uiteindelik tot depressie
 4. Ons kan glo dat God altyd regverdig optree Openbaring 15:3
 - Dat Sy gedagtes verhewe is bo ons gedagtes Jesaja 55:8-9
 - Dit lei uiteindelik tot innerlike vrede vgl. Habakuk 3:17-18
- Ons kan óf God bevraagteken, óf ons kan Hom vertrou vgl. 1 Korintiërs 2:16

WAAROM LAAT DIE HERE TOE DAT GELOWIGES LY?

- Om ons agv ons sondes te dissiplineer 1 Korintiërs 11:29-32
- Om Homself aan ons te openbaar Job 42:5
- Om ons van sonde te weerhou 2 Korintiërs 12:7
- Om ons geestelike groei aan te moedig Hebreërs 5:8
- Om Sy heerlijkheid bekend te maak Johannes 9:3

WAT IS DIE IMPLIKASIES VIR ONS?

- Onderwerp jouself aan Hom in alles Jakobus 4:7
 - Hy gebruik elke insident vir ons beswil Romeine 8:28-29
- Vertrou Hom al maak dit nie sin nie vgl Job 13:15 (OV)
 - Ons durf nie staatmaak op ons eie insigte nie Spreuke 3:5
- Leer om tevrede te wees Filippense 4:11-13
 - Hy sal in elke behoefte voorsien Filippense 4:19
- Verbly jou in Sy soewereiniteit Psalm 96:10
 - Niemand kan ons permanent skade aandoen nie Hebreërs 13:5-6

- - - o o o - - -